Code..... Fax number.....

(or on record with the Labour Court code.....)

Your reference number.....

2. Nature of application (e.g. referral, application, review, appeal, etc).....  
 Section of the Labour Relations Act of 1995 in terms of which the proceedings are instituted .....;  
 or name and section of other Act.....

3. Particulars of the first and second respondent (if any)

3.1 First respondent

Name.....

Physical address.....

Postal address.....

Code..... Telephone number.....

Code..... Fax number.....

Representative (if any):

Name.....

Physical address.....

Postal address.....

Code..... Telephone number.....

Code..... Fax number.....

(or on record with the Labour Court code.....)

Their reference number.....

3.2 Second respondent

Name.....

I certify that no previous application for a case number for the same parties in the same dispute has been made. I undertake to advise the Registrar in writing if proceedings are not initiated within 30 days or if the matter is settled.

Signed and dated at..... this..... day of..... 19.....

.....  
*Applicant or duly authorised representative*

(Surname and initials.....)

**FORM 2**

**THE LABOUR COURT OF SOUTH AFRICA**

**STATEMENT OF CLAIM**

(Rule 6)

Number assigned by registrar of Labour Court

(See Form 1)<sup>1</sup>

[Empty box for number assigned by registrar]

In the matter between—

[Empty box for First Applicant] (First Applicant)

[Empty box for Second Applicant] (Second Applicant)

(if necessary)

and

[Empty box for First Respondent] (First Respondent)

[Empty box for Second Respondent] (Second Respondent)

(if necessary)

**STATEMENT OF CASE**

1. The.....applicant will accept notices and service of all documents in this matter at the following address:

(specify first, second, third, etc.)

.....  
.....  
.....

Fax No. ....

Telephone No.....

<sup>1</sup> This number should be obtained from the registrar of the Labour Court.

- 2. If a party intends opposing the matter, the response must be delivered within 14 days of service of this statement in terms of subrule 6(3) of the Rules of the Labour Court, failing which the matter may be heard in that party's absence and an order for costs may be made against that party.

**Details of the parties**

3. The .....applicant is  
 (specify applicant)<sup>2</sup>

.....  
 (description of applicant)

having the address stated in paragraph.....above.

4. The .....applicant is  
 (specify applicant)

.....  
 (description of applicant)

having the address stated in paragraph.....above.

5. The .....respondent is  
 (specify respondent)<sup>3</sup>

.....  
 (description of respondent)

having the following address:

.....  
 .....  
 .....

Fax No.....

Telephone No.....

---

<sup>2</sup> Is the applicant an individual employee, an applicant for employment, a registered trade union, a company, etc.?  
<sup>3</sup> Is the respondent an individual, a registered company, a close corporation, a partnership, or municipality?  
 Identify the employer in sufficient detail to determine whether it is a natural person, corporate body, or voluntary association. See rule 20 in respect of partnerships.





9. Relief sought<sup>6</sup>

.....

.....

.....

.....

10. Schedule of documents<sup>7</sup>

Attached is a schedule of documents, marked "Annexure .....", which are material and relevant to the issue.

Signed and dated at .....this .....day of .....19.....

.....  
*Applicant or duly authorised representative<sup>8</sup>*

(Surname and initials .....)

<sup>6</sup> Specify the nature of the order that you are seeking from the court and if you are requesting an order of costs. The nature of the relief that can be granted is determined by the provisions of the Labour Relations Act, No. 66 of 1995, which govern the type of dispute under consideration and the powers of the court in section 162 of the Act.

<sup>7</sup> Documents that are material and relevant to the claim are documents that might advance the case of either party by providing evidence of a fact that is important to the success or failure of the claim. Even documents of this nature that might advance the case of the opposing party should be listed in this annexure. The schedule should list documents in chronological order and provide a brief description of each one, next to the date on which the document was issued.

<sup>8</sup> The name, address and telephone or fax number of the representative must be included.

**FORM 3**

**THE LABOUR COURT OF SOUTH AFRICA**

**SUBPOENA**

Case No. ....

In the matter between—

.....Applicant

and

.....Respondent

To the sheriff:

INFORM—

- (1)
- (2) (State names, occupation, and place of business or residence)
- (3)
- (4)

that each of them is required to appear in person before this court at .....

on the .....day of .....19.....at.....(time) and to remain in attendance until excused by the court, in order to testify on behalf of the applicant/respondent in regard to all matters within their knowledge relating to an action pending in the court in which the applicant claims—

- (1) ..... (2) .....
- (3) .....from the respondent;

AND INFORM them that they are further required to bring with them and to produce to the court .....

.....  
(here describe accurately each document, book or other thing to be produced)

AND INFORM each of the above persons that they should on no account neglect to comply with this subpoena as they may render themselves liable to a fine, or to imprisonment.

Signed and dated at .....this .....day of.....19 .....

.....  
*Registrar of the Labour Court*

.....  
*Applicant's/Respondent's Attorney*

No. 1665

14 Oktober 1996

**REËLS WAARBY DIE VOER VAN VERRIGTINGE IN DIE ARBEIDSHOF GEREËL WORD**

Ingevolge artikel 159 (3) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995), het die Reëlsraad vir Arbeidshowe die volgende reëls gemaak om die voer van verrigtinge in die Arbeidshof te reël.

**INHOUDSOPGAWE**

1. Woordomskrywing
  2. Griffier se diensure en adres
  3. Uitreiking van dokumente en pligte van die griffier
  4. Betekening van dokumente
  5. Liassering van dokumente
  6. Verwysings
  7. Aansoeke
  8. Dringende regshulp
  9. Appèlle na die Arbeidshof
  10. Hersienings in kamers
  11. Interlokutêre aansoeke en prosedures waarvoor nie spesifiek in ander reëls voorsiening gemaak word nie
  12. Verlenging van tydperke en kondonاسie
  13. Terugtrekking en uitstel
  14. Terrolleplasing van aangeleenthede wat uitgestel is
  15. Aangeleenthede wat van die rol geskrap is
  16. Verstekvonnisse
  17. Toestemming tot vonnis
  18. Hoofde van betoog
  19. Voorleggings deur 'n *amicus curiae*
  20. Vennootskappe, firmas en verenigings
  21. Verteenwoordiging van partye
  22. Voeging van partye, toetrede as applikant of respondent, wysigings van sitasie en vervanging van partye
  23. Konsolidasie van verrigtinge
  24. Koste
  25. Taksasie
  26. Betekening en afdwinging van hofbevele
  27. Ampseed van tolke
  28. Arbeidshof as 'n hof van rekord
  29. Getuiegelde
  30. Aansoek om verlof om te appelleer na die Arbeidsappèlhof
  31. Beëdigde vertalers
  32. Getuiedagvaardings
  33. Inwerkingtreeding van reëls
- Vorms

**Woordomskrywing**

1. In hierdie reëls het enige uitdrukking wat in die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995), omskryf is, dieselfde betekenis as in daardie Wet en beteken—

- “**beteken**” om ooreenkomstig reël 4 (1) te beteken en het “**betekening**” ’n ooreenstemmende betekenis;
- “**dag**” enige dag behalwe ’n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag, en wanneer ’n bepaalde aantal dae vir die verrigting van enige handeling voorgeskryf word, moet die aantal dae bereken word deur die eerste dag uit te sluit en die laaste dag in te sluit, tensy die laaste dag ’n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is, in welke geval die aantal dae bereken moet word deur die eerste dag sowel as daardie Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag uit te sluit;
- “**firma**” ’n besigheid wat deur ’n alleeneienaar of regspersoon bedryf word onder ’n ander naam as die naam van daardie alleeneienaar of regspersoon;
- “**griffier**” die griffier van die hof aangestel ingevolge artikel 155 (1) van die Wet en ook ’n adjunkgriffier of ander persoon wat gemagtig is om in die plek van die griffier of adjunkgriffier op te tree;
- “**hof**” die Arbeidshof ingestel by artikel 151 van die Wet en ook enige regter van die hof;
- “**kennisgewing**” ’n skriftelike kennisgewing en “**kennis gee**” om skriftelik kennis te gee;
- “**aflewer**” by die griffier liasseer en aan ander partye beteken;
- “**openbare vakansiedag**” ’n openbare vakansiedag bedoel in artikel 1 van die Wet op Openbare Vakansiedae, 1994 (Wet No. 36 van 1994);
- “**party**” enige party by hofverrigtinge en ook enige persoon wat ’n party kragtens artikel 161 van die Wet verteenwoordig;
- “**reëls**” hierdie reëls en ook ’n voetnoot by ’n reël;
- “**Regter-president**” die Regter-president van die hof;
- “**vereniging**” enige oningelyfde liggaam van persone; en
- “**Wet**” die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995), en ook enige regulasie kragtens daardie Wet uitgevaardig.

**Griffier se diensure en adres**

2. (1) Die kantoor van die griffier is te—

Sesde en Sewende Verdieping  
Arbour Square-gebou  
hoek van Juta- en Mellestraat  
BRAAMFONTEIN  
2001.

(2) Takkantore van die griffier is te—

Eerste Verdieping  
Twinell House  
Longstraat 112  
KAAPSTAD  
8001.

Vierde Verdieping  
ICL House  
Smithstraat 480  
DURBAN  
4001.

Eerste Verdieping  
Fidelity House  
Hoofstraat 190  
PORT ELIZABETH  
6001.

(3) Die kantore en takkantore van die griffier is van Maandag tot Vrydag, openbare vakansiedae uitgesluit, oop van 08:00 tot 13:00 en van 14:00 tot 15:30.

(4) Ondanks subreël (3) kan die hof of die griffier gelas dat enige dokument op enige dag of te eniger tyd geliaseer word.

### **Uitreiking van dokumente en pligte van die griffier**

3. (1) Enige party wat verrigtinge begin, moet aansoek doen om 'n saaknommer voor die betekening van enige dokumente. Die aansoek om 'n saaknommer moet by die griffier in die griffierskantoor of per faks gedoen word. As die aansoek per faks gedoen word, moet Vorm 1 gebruik word.

(2) Die griffier moet agtereenvolgende saaknommers toeken aan elke dokument waarmee verrigtinge begin word. Aan dokumente waarmee verrigtinge in enige van die takkantore begin word, moet agtereenvolgende saaknommers van daardie takkantore toegeken word.

(3) Die griffier moet toesien dat dieselfde saaknommer aangebring word op elke dokument wat daarna in dieselfde verrigtinge geliaseer word.

(4) Die griffier kan weier om 'n dokument van enige party te aanvaar indien die saaknommer wat deur die griffier toegeken is, nie op die dokument aangebring is nie.

(5) Die griffier kan enige party versoek om enige ooglopende defek of fout in 'n dokument wat geliaseer word, reg te stel.

(6) As 'n party weier om 'n dokument op versoek van die griffier ingevolge subreël (5) reg te stel, moet die griffier die dokument na 'n regter in kamers vir aanwysings deurstuur.

(7) Die griffier moet die hof se rekords hou en mag nie toelaat dat dit die hofgebou verlaat sonder dat die griffier vooraf magtiging daartoe verleen het nie.

### **Betekening van dokumente**

4. (1) 'n Dokument wat aan 'n persoon beteken moet word, kan op enige van die volgende wyses beteken word, naamlik—

- (a) (i) deur 'n afskrif van die dokument aan die persoon te oorhandig;
- (ii) deur 'n afskrif van die dokument by die persoon se woonplek of besigheid te laat by enige ander persoon wat oënskynlik minstens 16 jaar oud en dan in beheer van die perseel is;
- (iii) deur 'n afskrif van die dokument by die persoon se werkplek te laat by enige persoon wat oënskynlik minstens 16 jaar oud is en 'n gesagposisie beklee;
- (iv) deur 'n afskrif van die dokument aan die persoon te faks indien die persoon 'n faksnommer het;
- (v) deur 'n afskrif van die dokument te oorhandig aan enige persoon wat skriftelik gemagtig is om betekening namens die persoon te ontvang;
- (vi) deur, indien die persoon 'n adres of faksnommer vir betekening gekies het, 'n afskrif van die dokument by daardie adres te laat of na die gekose faksnommer te faks;
- (b) (i) deur, indien die persoon 'n maatskappy of enige ander regspersoon is, 'n afskrif van die dokument te beteken aan 'n verantwoordelike werknemer van die maatskappy of ander regspersoon by die geregistreerde kantoor of vernaamste besigheidsplek daarvan in die Republiek, of by die vernaamste besigheidsplek in die landdrosdistrik waar die geskil ontstaan het, of, indien daar geen werknemer is wat gewillig is om betekening te aanvaar nie, 'n afskrif van die dokument aan die hoofdeur van die kantoor of besigheidsplek aan te bring;
- (ii) deur, indien die persoon 'n vakbond of werkgewersorganisasie is, 'n afskrif van die dokument te beteken aan 'n verantwoordelike werknemer wat ten tyde van die betekening oënskynlik in beheer is van die hoofkantoor van die vakbond of werkgewersorganisasie, of van die vakbond of werkgewersorganisasie se kantoor in die landdrosdistrik waarin die geskil ontstaan het, by daardie kantoor, of, indien daar geen persoon is wat bereid is om betekening te aanvaar nie, 'n afskrif van die dokument aan die hoofdeur van daardie kantoor aan te bring;
- (iii) deur, indien die persoon 'n vennootskap, firma of vereniging is, 'n afskrif van die dokument te beteken aan 'n persoon wat ten tyde van betekening oënskynlik minstens 16 jaar oud is en in beheer van die perseel is, by die besigheidsplek van sodanige vennootskap, firma of vereniging, of, indien sodanige vennootskap, firma of vereniging geen besigheidsplek het nie, 'n afskrif van die dokument te beteken aan 'n vennoot, die eienaar van die firma, of die voorsitter of sekretaris van die beheer- of ander bestuursliggaam van sodanige vereniging, na gelang van die geval;

- (iv) deur, indien die persoon 'n munisipaliteit is, 'n afskrif van die dokument te beteken aan die stadsklerk, assistentstadsklerk of enigiemand wat namens daardie persoon optree;
- (v) deur, indien die persoon 'n statutêre liggaam is, 'n afskrif van die dokument aan die sekretaris of soortgelyke ampsdraer of lid van die raad of komitee van daardie liggaam te beteken, of aan enigiemand wat namens daardie liggaam optree;
- (vi) deur, indien die persoon die Staat of 'n provinsie is, 'n afskrif van die dokument te beteken aan 'n verantwoordelike werknemer by enige kantoor van die Staatsprokureur; of

(c) op enige ander wyse deur die hof gemagtig.

(2) Bewys van betekening geskied op enige van die volgende wyses:

- (a) Deur 'n beëdigde verklaring deur die persoon wat die dokument beteken het;
- (b) indien betekening per faks geskied het, deur 'n beëdigde verklaring deur die persoon wat die betekening gedoen het, wat bewys moet lewer van die korrekte faksnommer en moet bevestig dat die transmissie van die faks in sy geheel voltooi is;
- (c) indien die persoon aan wie die dokument beteken is, reeds op rekord is as 'n party, deur 'n skriftelike erkenning van ontvangs deur die party aan wie die dokument beteken is; of
- (d) deur 'n relaas van betekening deur die balju.

(3) Indien die hof nie oortuig is dat betekening ooreenkomstig hierdie reël geskied het nie, kan hy sodanige bevel met betrekking tot betekening uitreik as wat hy goëddink.

#### **Liassering van dokumente**

5. (1) Dokumente kan op enige van die volgende wyses by die griffier geliasseer word, naamlik—

- (a) deur die dokument aan die griffier te oorhandig;
- (b) deur 'n afskrif van die dokument per geregistreerde pos te versend; of
- (c) deur die dokument te faks.

(2) 'n Dokument word by die griffier geliasseer—

- (a) op die datum waarop die dokument aan die griffier oorhandig word;
- (b) op die datum waarop die dokument wat per geregistreerde pos versend is, deur die griffier ontvang word; of
- (c) by voltooiing van die geheel van 'n fakstransmissie.

(3) Die oorspronklike dokument moet by die griffier ingedien word. In die geval van liassering per faks, moet die oorspronklike dokument binne sewe dae nadat dit gefaks is, by die griffier ingedien word.

#### **Verwysings<sup>1</sup>**

##### ***Uiteensetting van eis***

6. (1) Die dokument waarmee verrigtinge begin word, bekend as die "uiteensetting van eis", kan in die vorm wees van Vorm 2 en moet—

- (a) 'n opskrif hê wat die volgende inligting bevat:
  - (i) Die titel van die saak;
  - (ii) die saaknommer deur die griffier aan die saak toegeken;

<sup>1</sup> Hierdie reël is van toepassing op die volgende verwysings:

1. Verwysing van 'n geskil aangaande Hoofstuk II-regte, [vryheid van assosiasie en algemene beskerming ingevolge artikel 9 (4)];
2. verwysings van geskille aangaande dele A, en C tot F van Hoofstuk III, ingevolge artikel 63 (4);
3. verwysings van geskille oor onbillike ontslag ingevolge artikel 191 (5) (b)—
  - (i) outomaties onbillike ontslag;
  - (ii) ontslag weens bedryfsvereistes;
  - (iii) ontslag vir deelname aan onbeskermdes stakings;
  - (iv) ontslag weens geslotegeledeerbepalings;
4. geskille deur die direkteur van die Kommissie ingevolge artikel 191 (6) (a) na die Arbeidshof verwys;
5. verwysing van geslotegeledegeskille ingevolge artikel 26 (14);
6. verwysing van geskille oor onbillike arbeidspraktyke ingevolge item 3 (4) van Bylae 7.

- (iii) die adres waar die party wat die dokument aflewer, kennisgewings en betekening van alle dokumente in die verrigtinge sal aanvaar; en
  - (iv) 'n kennisgewing wat die ander party in kennis stel dat indien daardie party van voornemens is om die aangeleentheid te bestry, 'n antwoord ingevolge subreël (3) binne 14 dae na betekening van die uiteensetting van eis afgelewer moet word, by gebreke waarvan die aangeleentheid in daardie party se afwesigheid aangehoor kan word en 'n kostebevel teen daardie party gegee kan word;
- (b) 'n substantiewe gedeelte hê wat die volgende inligting bevat:
- (i) Die name, beskrywings en adresse van die partye;
  - (ii) 'n duidelike en bondige uiteensetting van die wesenlike feite, in kronologiese volgorde, waarop die party staatmaak, welke uiteensetting genoegsame besonderhede moet bevat ten einde 'n teenparty in staat te stel om op die dokument te antwoord;
  - (iii) 'n duidelike en bondige uiteensetting van die regsrae wat voortspruit uit die wesenlike feite, welke uiteensetting genoegsame besonderhede moet bevat om 'n teenparty in staat te stel om op die dokument te antwoord; en
  - (iv) die aangevraagde regshulp;
- (c) onderteken wees deur die party by die verrigtinge;
- (d) alle datums, bedrae en getalle in die dokument in syfers uitdruk;
- (e) 'n bylae bevat met 'n lys van dokumente wat wesenlik vir en ter sake by die eis is.
- (2) In die geval van 'n verwysing deur die direkteur van die Kommissie ingevolge artikel 191 (6) van die Wet moet—
- (a) die party wat aansoek gedoen het om die verwysing deur die direkteur, die uiteensetting van eis binne 14 dae aflewer na die datum waarop die direkteur die party kennis gegee het van die verwysing van die geskil na die hof; en
  - (b) die uiteensetting van eis 'n afskrif van die aansoek om verwysing bevat.

### **Antwoord**

- (3) (a) 'n Party aan wie 'n uiteensetting van eis beteken word, kan 'n antwoord daarop aflewer.
- (b) Die antwoord moet, met die aanpassings vereis deur die konteks, dieselfde inligting bevat as wat vereis word by subreël (1).
- (c) 'n Antwoord moet binne 14 dae na die datum waarop die uiteensetting van eis afgelewer is, afgelewer word.

### **Voorverhoorkonferensie deur die partye**

- (4) (a) Die partye by die verrigtinge moet 'n voorverhoorkonferensie ingevolge subparagraaf (b) hou binne 14 dae na die datum waarop die antwoord afgelewer is of die tydperk vir aflewering daarvan verstryk het, watter gebeurtenis ook al eerste plaasvind.
- (b) By 'n voorverhoorkonferensie moet die partye poog om ooreenstemming te bereik oor die volgende:
- (i) Enige wyse waarop die geskil geskik kan word;
  - (ii) feite wat gemene saak is;
  - (iii) feite wat in geskil is;
  - (iv) die geskilpunte wat die hof moet beslis;
  - (v) blootlegging en die uitruiling van dokumente, en die voorbereiding van 'n gepagineerde bundel dokumente, in kronologiese volgorde;
  - (vi) die wyse waarop met dokumentêre getuienis gehandel moet word, insluitende enige ooreenkoms oor die status van dokumente, en of sodanige dokumente, of dele daarvan, sal dien as bewys van wat hulle voorgee om te wees;
  - (vii) of getuienis by beëdigde verklaring toelaatbaar sal wees, met of sonder die reg van 'n party om die deponent te kruisvra al dan nie;

- (viii) watter party moet begin;
- (ix) die nodigheid van enige inspeksies ter plaatse;
- (x) metodes om die aanwesigheid van getuies by die hof te verseker;
- (xi) die beslegting van enige voorlopige punte wat 'n party voornemens is om aan te voer;
- (xii) die uitruil van getuieverklarings;
- (xiii) deskundige getuienis; en
- (xiv) enige ander wyse waarop die verrigtinge verkort kan word.

(c) As die aangeleentheid nie geskik is nie, moet die partye 'n notule opstel en onderteken wat handel oor die aangeleentheid uiteengesit in paragraaf (b).

(d) Die party wat die verrigtinge begin, moet toesien dat 'n afskrif van die notule binne sewe dae na die afsluiting van die voorverhoorkonferensie afgelewer word.

#### **Aanwysings deur die regter**

(5) Nadat die notule van die voorverhoorkonferensie afgelewer is, of die tyd vir aflewering daarvan verstryk het, watter gebeurtenis ook al eerste plaasvind, moet die griffier die lêer deurstuur aan 'n regter van die hof vir aanwysings ingevolge hierdie subreël. Die regter wat die lêer van die griffier ontvang, kan—

- (a) die griffier gelas om die saak ter rolle te plaas indien die regter van oordeel is dat die aangeleentheid gereed is vir verhoor; of
- (b) gelas dat 'n informele konferensie voor 'n regter in kamers gehou word om enige voorverhooraangeleentheid te behandel; of
- (c) gelas dat die partye 'n verdere formele voorverhoorkonferensie reël op 'n datum, tyd en plek bepaal deur die griffier, waarby 'n regter moet voorsit, om enige voorverhooraangeleentheid te behandel.

#### **Regter se bevoegdhede by voorverhooraangeleentheid**

(6) 'n Regter kan, by 'n voorverhoorkonferensie gehou ingevolge subreël (5) (b) of (c), enige toepaslike bevel maak aangaande die verdere voer van verrigtinge, insluitende enige bevel in verband met koste.

#### **Nie-nakoming van subreëls (4), (5) en (6)**

(7) Indien 'n party versuim om enige voorverhoorkonferensie belê ingevolge subreël (4) (a) of (5) (b) of (c) by te woon, of versuim om te voldoen aan enige aanwysing gegee deur 'n regter ingevolge subreëls (5) en (6), kan die saak op die aanwysing van 'n regter vir verhoor ter rolle geplaas word, en die party in verstek sal nie toegelaat word om by sodanige verhoor te verskyn nie, tensy die hof by aanvoering van gegronde redes anders gelas.

#### **Terrolleplasing vir verhoor**

(8) (a) Wanneer 'n regter beslis dat daar aan die aanwysings gegee ingevolge hierdie reël voldoen is, moet die regter die griffier gelas om die aangeleentheid vir verhoor ter rolle te plaas.

(b) Wanneer die griffier 'n lasgewing ingevolge subparagraaf (a) ontvang, moet hy die aangeleentheid ter rolle plaas en die partye kennis gee van die tyd, datum en plek wat vir die verhoor toegeken is.

#### **Blootlegging van dokumente**

(9) (a) 'n Dokument of bandopname wat nie blootgelê is nie, mag nie vir enige doel by die verhoor gebruik word deur die persoon wat verplig was om dit bloot te lê nie, tensy die hof dit toelaat op sodanige voorwaardes as wat hy goedvind. Sodanige dokument of bandopname mag egter gebruik word deur 'n ander persoon as die persoon wat verplig was om dit bloot te lê.

(b) Indien die partye nie ooreenkoms kan bereik met betrekking tot die blootlegging van dokumente en bandopnames nie, kan enige party by die hof aansoek doen om 'n gepaste bevel, insluitende 'n bevel met betrekking tot koste.

(c) Vir die doeleindes van hierdie reël sluit 'n bandopname enige klankbaan, film, magnetiese band, plaat of ander materiaal in waarop visuele beelde, klank of ander inligting vasgelê kan word.

#### **Deskundige getuies**

(10) (a) 'n Party wat 'n deskundige getuie wil roep, moet minstens 21 dae voor die verhoordatum 'n kennisgewing te dien effekte aflewer, tesame met 'n opsomming van die beoogde getuienis van die deskundige getuie.

(b) Indien 'n party versuim om aan paragraaf (a) te voldoen, kan die hof weier om die getuienis toe te laat, of dit toelaat slegs by aanvoering van gegronde redes, en kan 'n bevel gee ten opsigte van koste.

**Aansoeke<sup>2</sup>**

7. (1) 'n Aansoek moet gebring word by kennisgewing aan alle persone wat 'n belang het by die aansoek.
- (2) Die kennisgewing van aansoek moet afgelewer word en moet die volgende inligting bevat:
- (a) Die titel van die saak;
  - (b) die saaknommer wat die griffier aan die saak toegeken het;
  - (c) die aangevraagde regshulp;
  - (d) 'n adres waar die party wat die dokument aflewer, kennisgewings en betekening van alle dokumente in die verrigtinge sal aanvaar;
  - (e) 'n kennisgewing wat die ander party in kennis stel dat indien daardie party die saak wil bestry, hy of sy 'n antwoordende beëdigde verklaring binne 14 dae nadat die aansoek beteken is, moet aflewer, by gebreke waarvan die saak in daardie party se afwesigheid aangehoor kan word, en 'n kostebevel gegee kan word; en
  - (f) 'n bylae met 'n lys van dokumente wat wesenlik vir en ter sake by die aansoek is.
- (3) Die aansoek moet gesteun word deur 'n beëdigde verklaring wat die volgende duidelik en bondig uiteen moet sit:
- (a) Die name, beskrywing en adresse van die partye;
  - (b) 'n uiteensetting van die wesenlike feite, in kronologiese volgorde, waarop die aansoek berus, welke uiteensetting genoegsame besonderhede moet bevat om 'n teenparty in staat te stel om daarop te antwoord;
  - (c) 'n uiteensetting van die regsvrae wat voortspruit uit die wesenlike feite, welke uiteensetting genoegsame besonderhede moet bevat om 'n teenparty in staat te stel om daarop te antwoord; en
  - (d) die aangevraagde regshulp.
- (4) (a) 'n Kennisgewing van voorneme om te bestry en 'n beantwoordende beëdigde verklaring kan deur enige party wat die aansoek teenstaan, afgelewer word.
- (b) 'n Kennisgewing van voorneme om te bestry en 'n antwoordende beëdigde verklaring moet binne 14 dae vanaf die dag waarop die aansoek beteken is, afgelewer word aan die party wat die aansoek teenstaan.
- (c) 'n Kennisgewing van voorneme om te bestry en 'n antwoordende beëdigde verklaring moet onderskeidelik die inligting bevat uiteengesit in subreëls (2) en (3), met die aanpassings vereis deur die konteks.
- (5) (a) Die party wat met die verrigtinge begin het, moet binne sewe dae vanaf die dag waarop kennisgewing van voorneme om te bestry en die antwoordende beëdigde verklaring afgelewer is, 'n repliserende eedsverklaring aflewer.
- (b) Die repliserende beëdigde verklaring moet slegs die aspekte behandel wat in die antwoordende beëdigde verklaring geopper is en mag nie nuwe feitelike of regsgeskille opper nie.

<sup>2</sup> Hierdie reël is van toepassing op die volgende:

1. Aansoeke om die toelating van 'n party tot 'n raad kragtens artikel 56 (5);
2. aansoeke om die likwidasië van 'n raad kragtens artikel 59 (1);
3. aansoeke om die likwidasië van 'n raad vanweë insolvensie kragtens artikel 60;
4. aansoek om 'n interdik ten opsigte van sekondêre stakings kragtens artikel 66 (3);
5. aansoek om 'n interdik ten opsigte van stakings en uitsluitings wat nie voldoen aan vereistes van die Wet nie, kragtens artikel 68 (1) (a);
6. aansoek om betaling van vergoeding kragtens artikel 68 (1) (b);
7. aansoek om 'n interdik ten opsigte van protesoptrede kragtens artikel 77 (2) (a);
8. aansoek om 'n verklarende bevel ten opsigte van protesoptrede kragtens artikel 77 (2) (b);
9. aansoek om die likwidasië van 'n geregistreerde vakbond of geregistreerde werkgewersorganisasie kragtens artikel 103 (1);
10. aansoek om likwidasië vanweë insolvensie kragtens artikel 104;
11. aansoek om 'n verklarende bevel dat 'n vakbond nie meer onafhanklik is nie kragtens artikel 105;
12. hersiening op enige regtens geoorloofde gronde kragtens artikel 158 (1) (g) of (h);
13. hersiening van arbitrasietoekennings van die Kommissie kragtens artikel 145;
14. hersiening van 'n geskil ten opsigte van betooglinievorming kragtens artikel 69 (11); en
15. aansoeke by die Arbeidshof kragtens enige ander Wet.

(6) By aflewering van die repliserende beëdigde verklaring of by verstryking van die tydperk waarbinne dit afgelewer moes word, welke gebeurtenis ook al eerste plaasvind, moet die griffier 'n datum vir die aanhoor van die aansoek toeken.

(7) Indien die aansoek 'n aansoek om hersiening<sup>3</sup> is—

- (a) moet die kennisgewing van aansoek, benewens die vereistes uiteengesit in subreëls (2) en (3), 'n kennisgewing bevat waarin die verantwoordelike persoon of liggaam wie se beslissing op hersiening geneem word, opgeroep word om 'n skriftelike oorkonde van die verrigtinge en die redes vir die beslissing binne 21 dae na aflewering van die aansoek te verskaf;
- (b) moet die applikant binne 14 dae na die datum waarop die oorkonde en redes ontvang word, bondige skriftelike verhoë rig ten opsigte van die aansoek om hersiening; en
- (c) kan enige party aan wie 'n aansoek om hersiening beteken is, duidelike bondige skriftelike verhoë ten opsigte van die aansoek om hersiening aflewer binne 14 dae na aflewering van die applikant se verhoë ingevolge paragraaf (b).

(8) Die hof moet enige aansoek na goeddunke afhandel, wat kan insluit—

- (a) 'n bevel om 'n voorverhoorkonferensie te hou;
- (b) 'n verwysing van die geskil vir die aanhoor van mondelinge getuienis; en
- (c) 'n kostebevel.

(9) Die griffier moet die partye kennis gee van die datum, tyd en plek vir die aanhoor van die aansoek.

### Dringende regshulp

8. (1) 'n Party wat aansoek doen om dringende regshulp, moet 'n aansoek liasseer wat voldoen aan die vereistes van reël 7 (1), (2), (3) en, indien van toepassing, (7).

(2) Die beëdigde verklaring ter ondersteuning van die aansoek moet ook die volgende bevat:

- (a) Die redes vir die dringendheid en waarom dringende regshulp noodsaaklik is;
- (b) indien die vereistes van die reëls nie nagekom is nie, die redes daarvoor; en
- (c) indien 'n party aansoek doen binne 'n korter tydperk as wat voorgeskryf is by artikel 68 (2) van die Wet, die redes verskaf waarom 'n korter kennisgewingtydperk toegestaan behoort te word.

(3) Die party wat aansoek doen, moet die aansoek onderteken.

(4) Die griffier moet 'n datum, tyd en plek vasstel vir die aanhoor van die aansoek.

(5) Sodra die griffier 'n datum, tyd en plek vir die aanhoor van die aansoek vasgestel het, moet die party wat aansoek doen, 'n afskrif van die aansoek, tesame met die inligting ontvang van die griffier, aan die respondent beteken.

(6) Die party wat aansoek doen, moet die hof by die aanhoor van die aansoek oortuig dat 'n afskrif van die aansoek aan die respondent beteken is, of dat toereikende en voldoende kennisgewing van die inhoud van die aansoek op enige ander wyse onder die aandag van daardie party gebring is.

(7) Enige party wat die aansoek wil bestry of verhoë wil rig ten opsigte van die aansoek, moet die griffier en die party wat aansoek doen, daarvan kennis gee so gou doenlik nadat die aansoek tot daardie party se kennis gekom het.

(8) Enige party wat die griffier ingevolge subreël (7) kennis gegee het, mag voor die hof verskyn en aangehoor word, maar enige party wat versuim het om die griffier ingevolge reël (7) kennis te gee, kan te eniger tyd gedurende die verrigtinge by aanvoering van gegronde redes deur die hof toegelaat word om aangehoor te word op sodanige voorwaardes as wat die hof goedvind.

(9) Die hof moet 'n dringende aansoek na goeddunke hanteer en kan 'n bevel ten opsigte van koste gee.

<sup>3</sup> Ingevolge artikel 145 of 158 (1) (g) of (h) van die Wet.

**Appèlle na die Arbeidshof<sup>4</sup>**

9. (1) Appèlle word aangeteken deur die liassering van 'n kennisgewing van appèl by die griffier.

(2) Tensy 'n Wet anders bepaal, moet die kennisgewing van appèl geliasseer word binne 14 dae na die datum waarop die persoon wat die kennisgewing van appèl liasseer, kennis gekry het van die beslissing wat die onderwerp van die appèl is.

(3) 'n Afskrif van die kennisgewing van appèl moet aan alle belanghebbende partye beteken word.

(4) Die kennisgewing van appèl moet die volgende uiteensit—

- (a) Die besonderhede van die beslissing wat die onderwerp van die Appèl is;
- (b) die feitebevindinge waarteen geappelleer word; en
- (c) die regsbevindings waarteen geappelleer word.

(5) Die kennisgewing van appèl moet ook 'n kennisgewing bevat waarin die verantwoordelike persoon of liggaam teen wie se beslissing geappelleer word, opgeroep word om binne 21 dae na aflewering van die kennisgewing van appèl 'n skriftelike oorkonde van die verrigtinge en die redes vir die beslissing te verskaf.

(6) Die appellant moet binne 14 dae na ontvangs van die skriftelike oorkonde en redes bondige skriftelike verhoë met betrekking tot die appèl aflewer.

(7) Die respondent in 'n appèl kan bondige skriftelike verhoë aflewer ten opsigte van die appèl binne 14 dae na aflewering van die appellant se skriftelike verhoë ingevolge subreël (6).

(8) Die griffier moet 'n datum vir die aanhoor van die appèl toeken by ontvangs van die skriftelike verhoë afgelewer ingevolge subreël (7) of wanneer die tydperk vir die aflewering daarvan verstryk, welke gebeurtenis ook al eerste plaasvind.

**Hersiening in kamers<sup>5</sup>**

10. (1) Hersienings moet aangeteken word deur die liassering van 'n kennisgewing van hersiening.

(2) Die kennisgewing van hersiening moet geliasseer word binne 14 dae na die beslissing wat die onderwerp van die hersiening is.

(3) 'n Afskrif van die kennisgewing van hersiening moet aan alle belanghebbende partye beteken word.

(4) Die kennisgewing van hersiening moet die volgende uiteensit:

- (a) Die besonderhede van die beslissing wat die onderwerp van die hersiening is;
- (b) die feitelike gronde vir hersiening; en
- (c) die regsgronde vir hersiening.

(5) By ontvangs van 'n kennisgewing van hersiening moet die griffier so gou moontlik—

- (a) 'n gestelde saak van die feite opstel;
- (b) redes vir sy beslissing gee; en
- (c) alle belanghebbende partye voorsien van afskrifte van die gestelde saak en redes.

(6) Binne sewe dae na ontvangs van 'n afskrif van die griffier se gestelde saak en redes moet die applikant bondige skriftelike verhoë ten opsigte van die hersiening aflewer.

(7) 'n Party aan wie 'n kennisgewing van hersiening beteken is, kan binne sewe dae na aflewering van die applikant se verhoë ingevolge subreël (6) bondige skriftelike verhoë ten opsigte van die hersiening aflewer.

(8) Die griffier moet die hersiening voor 'n regter in kamers vir beslissing plaas sodra die skriftelike voorleggings afgelewer word ingevolge subreël (7) of wanneer die tydperk vir die aflewering daarvan verstryk, welke gebeurtenis ook al eerste plaasvind.

<sup>4</sup> Hierdie reël is van toepassing ten opsigte van die volgende bepalings van die Wet:

- 1. Appèlle teen die intrekking deur die registrateur van die registrasie van 'n raad, kragtens artikel 61 (5);
- 2. appèlle teen 'n arbitrasietoekening oor die interpretasie van artikel 25 (3) (c) en (d) of 26 (3) (d), kragtens artikel 24 (7);
- 3. appèlle teen 'n besluit van die registrateur kragtens artikel 111 (3);
- 4. appèlle teen 'n beslissing van 'n nywerheidsraad kragtens item 10 (3) van Bylae 7;
- 5. appèlle ingevolge artikel 158 (1) (i); en
- 6. appèlle na die Arbeidshof kragtens enige ander Wet.

<sup>5</sup> Hierdie reël is van toepassing op die volgende hersienings:

- 1. Hersiening in kamers van die bepaling van 'n likwidateur se gelde deur die griffier kragtens artikel 59 (4) (b).

### **Interlokutêre aansoeke en prosedures waarvoor nie spesifiek in ander reëls voorsiening gemaak word nie**

11. (1) Die volgende aansoeke moet by kennisgewing gedoen word, gesteun deur beëdigde verklarings:
- Interlokutêre aansoeke;
  - ander aansoeke bykomstig by, of hangende verrigtinge bedoel in hierdie reëls waarvoor nie spesifiek voorsiening gemaak word in die reëls nie; en
  - enige ander aansoeke om aanwysings wat van die hof aangevra word.

(2) Die vereiste in subreël (1) dat beëdigde verklarings geliasseer moet word, is nie van toepassing op aansoeke wat bloot oor prosedurele aspekte handel nie.

(3) Indien 'n situasie in verrigtinge of voorgenome verrigtinge ontstaan waarvoor hierdie reëls nie voorsiening maak nie, kan die hof enige prosedure volg wat hy in die omstandighede dienstig ag.

(4) In die uitoefening van die hof se bevoegdhede en in die verrigting van sy werksaamhede, of in enige aangeleentheid wat daarmee in verband staan, kan die hof optree op 'n wyse wat hy dienstig ag om die oogmerke van die Wet te verwesenlik.

### **Verlenging van tydperke en kondonاسie**

12. (1) Die hof kan enige tydperk voorgeskryf by hierdie reëls op aansoek en by aanvoering van gegronde redes verleng of verkort, tensy die hof ingevolge 'n Wet verhinder word om dit te doen.

(2) Indien enige party versuim om te voldoen aan enige kennisgewing of aanwysing gegee ingevolge hierdie reëls, kan enige belanghebbende party kennis gee van 'n aansoek om 'n bevel dat aan die kennisgewing of aanwysing voldoen moet word binne 'n tydperk wat voorgeskryf kan word, en dat by nie voldoening aan die bevel die party in verstek nie geregtig sal wees op enige regshulp in die verrigtinge nie.

(3) Die hof kan, by aanvoering van gegronde redes, nienakoming van enige tydperk voorgeskryf by hierdie reëls kondoneer.

### **Terugtrekking en uitstel**

13. (1) 'n Party wat met verrigtinge begin het en die aangeleentheid wil terugtrek, moet so gou moontlik 'n kennisgewing van terugtrekking aflewer.

(2) Indien die partye 'n skikking bereik, moet die party wat met die verrigtinge begin het, so gou moontlik die griffier kennis gee van die skikking.

(3) As die partye ooreenkóm om 'n verhoor uit te stel, moet die party wat met die verrigtinge begin het, die griffier so gou moontlik kennis gee daarvan.

### **Terrolleplasing van aangeleenthede wat uitgestel is**

14. (1) Indien 'n aangeleentheid uitgestel is tot 'n datum wat in die toekoms bepaal moet word, kan enige party by die aangeleentheid by die griffier aansoek doen dat dit weer ter rolle geplaas word, maar geen voorkeur mag op die rol gegee word aan daardie aangeleentheid nie, tensy die hof anders gelas.

(2) Die griffier moet 'n tyd, datum en plek vir verhoor vasstel en 'n kennisgewing van terrolleplasing aan elke party stuur.

(3) As 'n aangeleentheid in die hof tot 'n spesifieke datum uitgestel word, is dit nie nodig dat die griffier 'n kennisgewing van terrolleplasing daarvan aan die partye stuur nie.

### **Aangeleenthede wat van die rol geskrap is**

15. (1) As 'n aangeleentheid van die rol geskrap is omdat 'n party wat met die verrigtinge begin het, nie teenwoordig was nie, mag die aangeleentheid nie weer ter rolle geplaas word nie, tensy daardie party die hof voorsien het van 'n bevredigende verduideliking, gegee onder eed of bevestiging, vir die versuim om die hof by te woon.

(2) Die beëdigde verklaring of bevestiging moet afgelewer word en die griffier moet dit voor 'n regter in kamers plaas om te besluit of die saak weer ter rolle geplaas kan word.

(3) Die regter voor wie die beëdigde verklaring of bevestiging geplaas word, kan beveel dat aansoek om die aangeleentheid weer ter rolle te plaas, gedoen moet word. In daardie geval moet die aansoek aan die vereistes van reël 11 voldoen.

**Verstekvonnisse**

16. (1) Die griffier moet 'n aangeleentheid ter rolle plaas vir vonnis by verstek—

- (a) indien 'n party nie binne die voorgeskrewe tydperk, of enige verlenging daarvan toegestaan deur die hof, antwoord op 'n uiteensetting van eis of 'n aansoek nie; of
- (b) indien deur 'n regter daartoe gelas ingevolge reël 6 (5).

(2) Subreël (1) (a) is nie van toepassing nie indien die party wat met die verrigtinge begin het, die griffier opdrag gee om nie die aangeleentheid ter rolle te plaas vir vonnis by verstek nie.

(3) Indien 'n aangeleentheid vir verstekvonnisse ter rolle geplaas is, kan die party wat met die verrigtinge begin het, die griffier versoek om die aangeleentheid van die rol te verwyder indien die aangeleentheid geskik is of 'n verlenging van tyd toegestaan is.

(4) Indien die griffier 'n versoek ingevolge subreël (3) ontvang, moet hy of sy die aangeleentheid van die rol verwyder.

**Toestemming tot vonnis**

17. (1) Enige party wat verrigtinge teenstaan, kan te eniger tyd toestem tot die geheel of 'n gedeelte van die regshulp aangevra in die verrigtinge.

(2) Die toestemming bedoel in subreël (1) moet skriftelik wees, gedateer wees en deur die party wat toestem tot die regshulp, onderteken wees en moet geattesteer wees.

(3) Sodra die party wat met die verrigtinge begin het, die toestemming ontvang, kan daardie party skriftelik by die griffier aansoek doen om 'n bevel deur 'n regter in kamers ooreenkomstig die toestemming.

**Hoofde van betoog**

18. Die hof kan te eniger tyd die partye versoek om bondige uiteensettings van die hoofpunte wat hulle voornemens is om te beredeneer, af te lewer, tesame met 'n lys van die gesag waarna hulle beoog om te verwys.

**Voorleggings deur 'n amicus curiae**

19. (1) Enige persoon wat 'n belang het in enige verrigtinge voor die hof, kan, op aansoek by die Regter-president of enige regter deur die Regter-president daartoe gemagtig, as 'n *amicus curiae* tot die verrigtinge toegelaat word ooreenkomstig die bepalings en voorwaardes en met die regte en voorregte bepaal deur die Regter-president of enige regter gemagtig om die aangeleentheid te hanteer.

(2) Die bepalings, voorwaardes, regte en voorregte bedoel in subreël (1) mag gewysig word ooreenkomstig die aanwysings gegee deur die Regter-president of die regter gemagtig om die aangeleentheid te hanteer.

(3) 'n Aansoek kragtens subreël (1) word gedoen nie later as 21 dae voor die datum van die verhoor nie.

(4) 'n Aansoek om as 'n *amicus curiae* toegelaat te word, moet—

- (a) kortliks die belang van die *amicus curiae* in die verrigtinge beskryf;
- (b) kortliks die standpunt wat die *amicus curiae* in die verrigtinge gaan inneem, uiteensit; en
- (c) duidelik, bondig en sonder onnodige besonderhede die voorleggings uiteensit wat die *amicus curiae* sal doen, die toepaslikheid daarvan op die verrigtinge en die redes waarom die persoon meen dat die voorleggings vir die hof van hulp sal wees en van die van ander partye verskil.

(5) 'n *Amicus curiae* het die reg om skriftelike betoog in te dien, mits die skriftelike betoog—

- (a) duidelik, bondig en sonder onnodige besonderhede is;
- (b) nie ander aangeleenthede in die betoog van ander partye herhaal nie; en
- (c) nuwe beweringe opwerp wat die hof van hulp mag wees.

(6) Indien die *amicus curiae* enige nuwe aangeleenthede of betoë opwerp, het enige ander party die reg om skriftelik betoog te lusseer binne sewe dae na die datum waarop die skriftelike betoog van die *amicus curiae* aan daardie partye beteken is.

(7) 'n Bevel van die hof oor koste kan voorsiening maak vir betaling vir die tussentrede van die *amicus curiae*.

**Vennootskappe, firmas en verenigings**

20. (1) 'n Vennootskap, firma of vereniging kan in eie naam 'n party wees by enige verrigtinge.

(2) 'n Party by verrigtinge teen 'n vennootskap of firma hoef nie die name van die vennote of die eienaars te beweer nie.

(3) (a) Te eniger tyd nadat 'n vennootskap of firma 'n party by enige verrigtinge geword het, kan die teenparty die vennootskap of firma kennis gee om binne sewe dae na betekening van die kennisgewing die name en adresse van die vennote of eienaars te verskaf.

(b) 'n Vennootskap of firma aan wie 'n kennisgewing ingevolge paragraaf (a) beteken is, moet die nodige inligting binne die vasgestelde tydperk verskaf.

(c) Sodra die nodige inligting verskaf is, word die vennote of eenaars partye by die verrigtinge.

(4) Indien 'n vennootskap ontbind nadat dit 'n party by enige verrigtinge geword het, word daardie verrigtinge voortgesit teen die persone wat vennote was ten tyde van die betekening van die dokument waarmee verrigtinge teen die vennootskap begin is.

(5) (a) Te eniger tyd nadat 'n vereniging 'n party by enige verrigtinge geword het, kan die teenparty die vereniging kennis gee om binne sewe dae na betekening van die kennisgewing die name en adresse van die ampsdraers van die vereniging te verskaf, asook 'n afskrif van die vereniging se konstitusie.

(b) 'n Vereniging aan wie 'n kennisgewing kragtens paragraaf (a) beteken is, moet die nodige inligting binne die vasgestelde tydperk verskaf.

### **Verteenwoordiging van partye**

**21.** (1) 'n Verteenwoordiger wat namens 'n party in enige verrigtinge optree, moet die griffier en alle ander partye kennis gee daarvan en die volgende besonderhede verstrek:

(a) Die naam van die verteenwoordiger;

(b) die posadres en werk- of besigheidsplek van die verteenwoordiger; en

(c) indien 'n faksnommer en telefoonnommer beskikbaar is, daardie nommers.

(2) Enige party wat 'n verteenwoordiger se magtiging om op te tree, beëindig en dan self optree of 'n ander verteenwoordiger aanstel, moet kennis van die beëindiging aan die griffier en alle ander partye gee, of van die aanstelling van 'n ander verteenwoordiger, en moet die verteenwoordiger se besonderhede daarby insluit soos in subreël (1) uiteengesit.

(3) By ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge subreël (1) of (2), word die adres van die nuwe verteenwoordiger of die party, na gelang van die geval, die adres vir alle kennisgewings en die betekening van alle dokumente in die verrigtinge, maar enige kennisgewing gestuur of betekening uitgevoer na of op 'n ander plek voor ontvangs van daardie kennisgewing is, ondanks die verandering, geldig vir alle doeleindes, tensy die hof anders gelas.

(4) (a) 'n Verteenwoordiger in enige verrigtinge wat ophou om vir 'n party op te tree, moet 'n kennisgewing te dien effekte aan daardie party en alle ander partye aflewer.

(b) 'n Kennisgewing afgelewer ingevolge paragraaf (a) moet die name en adresse van die partye aan wie kennis gegee word, verstrek.

(c) Na ontvangs van 'n kennisgewing bedoel in paragraaf (a), word die adres van die party wat voorheen verteenwoordig is, die adres vir kennisgewings en betekening aan daardie partye van alle dokumente in die verrigtinge, tensy 'n nuwe adres voorsien word vir daardie doel.

### **Voeging van partye, toetreding as applikant of respondent, wysiging van sitasie en vervanging van partye**

**22.** (1) Die hof kan enige aantal persone, gesamentlik, gesamentlik en afsonderlik, afsonderlik, of in die alternatief, as partye by die verrigtinge voeg indien die reg tot regshulp afhang van die beslissing van wesenlik dieselfde regs- of feitevrae.

(2) (a) Die hof mag, uit eie beweging, of op aansoek en by kennisgewing aan alle ander partye, 'n bevel gee waarby enige ander persoon as 'n party by die verrigtinge gevoeg word, indien daardie partye 'n wesenlike belang in die onderwerp van die verrigtinge het.

(b) Wanneer die hof 'n bevel gee kragtens paragraaf (a), kan die hof na goeë dunnke aanwysings maak vir die verdere prosedure in die verrigtinge, en kan 'n bevel ten opsigte van koste gee.

(3) Enige persoon wat daarop geregtig is om gevoeg te word as 'n party by enige verrigtinge, kan, by kennisgewing aan al die partye, in enige stadium van die verrigtinge aansoek doen om verlof om toe te tree as 'n party en die hof kan na goeë dunnke 'n bevel, insluitende 'n bevel aangaande koste, gee of aanwysings gee vir die verdere verloop van die verrigtinge.

(4) Indien 'n party by enige verrigtinge foutiewelik of op gebrekkige wyse gesit is, kan die hof, op aansoek en by kennisgewing aan die betrokke party, die fout of gebrek regstel en 'n bevel gee ten opsigte van koste.

(5) Indien dit in enige verrigtinge nodig word om 'n persoon as 'n party by die verrigtinge te vervang, kan enige party by die verrigtinge, op aansoek by kennisgewing aan elke ander party, aansoek doen by die hof om 'n bevel ter vervanging van 'n bestaande party, en die hof kan na goeë dunnke sodanige bevel, insluitende 'n bevel ten opsigte van koste, gee of sodanige aanwysings gee as wat nodig is met betrekking tot die verdere prosedure in die verrigtinge.

(6) 'n Aansoek om enige party as 'n party by daardie verrigtinge te voeg, of om as 'n bestaande party by die verrigtinge vervang te word, moet vergesel gaan van afskrifte van alle dokumente wat reeds afgelewer is, tensy die betrokke persoon of sy of haar verteenwoordiger reeds in besit is van daardie dokumente.

(7) Geen voeging of vervanging ingevolge hierdie reël raak enige vorige stappe in die verrigtinge nie.

#### **Konsolidasie van verrigtinge**

**23.** (1) Die hof kan 'n bevel gee wat hangende afsonderlike verrigtinge voor die hof konsolideer, indien die hof van oordeel is dat sodanige bevel dienstig en billik is.

(2) Die hof kan 'n bevel bedoel in subreël (1) gee uit eie beweging of op aansoek deur enige belanghebbende party.

#### **Koste**

**24.** (1) Die gelde van een advokaat en een prokureur word tussen party en party toegelaat, tensy die hof op aansoek die gelde van addisionele advokate en prokureurs magtig.

(2) Die gelde van enige addisionele advokaat gemagtig kragtens subreël (1) mag nie die helfte van die gelde van die eerste advokaat oorskry nie, tensy die hof anders gelas.

(3) Die koste tussen party en party toegelaat ingevolge 'n uitspraak of bevel van die hof, of enige ooreenkoms tussen die partye, moet bereken en getakseer word deur die takseermeester volgens die tarief vasgestel deur die bevel of ooreenkoms, en indien geen tarief vasgestel is nie, geld die tarief van toepassing in die Hooggeregshof.

(4) Voorbereidingsgelde vir deskundige getuies mag nie as koste tussen party en party verhaal word nie, tensy die hof gedurende die verrigtinge anders gelas.

#### **Taksasie**

**25.** (1) Die griffier mag die werksaamhede en pligte van 'n takseermeester uitoefen of kan enige persoon wat na die griffier se mening bekwaam is om die werksaamhede en pligte by hierdie reëls aan 'n takseermeester toegewys of opgelê te verrig, as takseermeester aanstel op sodanige voorwaardes en vir sodanige tydperk as wat bepaal word.

(2) Die takseermeester is gemagtig om enige kosterekening vir dienste werklik gelewer in verband met verrigtinge in die hof te takseer.

(3) By die taksasie van enige kosterekening kan die takseermeester enige boek, dokument, stuk of rekening aanvra wat na die oordeel van die takseermeester nodig is om 'n aangeleentheid wat uit die taksasie voortspuit, behoorlik te beslis.

(4) Die takseermeester moet nie voortgaan met die taksasie van enige kosterekening nie tensy hy oortuig is deur die party wat die taksasie aangevra het (as daardie party nie aanspreeklik is vir die betaling van die rekening nie) dat die party wat aanspreeklik is vir die betaling van die rekening, behoorlik kennisgewing ontvang het van die tyd en plek van die taksasie en van daardie party se reg om teenwoordig te wees by die taksasie.

(5) Ondanks subreël (4) hoef geen kennis gegee te word nie aan 'n party—

(a) wat versuim het om op te daag by die aanhoor van die aangeleentheid in die hof, hetsy persoonlik of deur 'n verteenwoordiger; of

(b) wat skriftelik toegestem het dat die taksasie mag plaasvind in sy of haar afwesigheid.

(6) Enige beslissing van 'n takseermeester is onderhewig aan hersiening deur die hof op aansoek.

#### **Betekening en afdwinging van hofbevele**

**26.** Ingevolge artikel 163 van die Wet moet betekening en tenuitvoerlegging van die hof se beslissings, vonnisse en bevele geskied ooreenkomstig die prosedure vir betekening en tenuitvoerlegging van beslissings, vonnisse en bevele van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

#### **Ampseed van tolke**

**27.** (1) Voordat enige tolk in die hof mag tolk, moet die tolk 'n eed of bevestiging in die volgende vorm voor 'n regter van die hof aflê—

“Ek, .....,  
(volle name)

verklaar hierby onder eed/bevestig opreg dat wanneer ek ook al die werksaamhede van 'n tolk in enige verrigtinge van die hof moet verrig, ek na my beste vermoë getrou en juis die taal wat ek aangesê mag word om te tolk, in een van die amptelike tale sal tolk en omgekeer.”

(2) Die ampseed of bevestiging moet afgelê of afgeneem word op die wyse voorgeskryf vir die afligging van 'n eed of bevestiging en moet deur die tolk onderteken word.

**Arbeidshof as 'n hof van rekord**

28. (1) 'n Oorkonde moet gehou word van—

- (a) enige uitspraak of bevinding van die hof;
- (b) enige getuienis wat in die hof gelewer word;
- (c) enige beswaar teen aangebode of gelewerde getuienis;
- (d) enige inspeksie ter plaatse en enige aangeleentheid aangeteken as gevolg van daardie inspeksie; en
- (e) die hofverrigtinge in die algemeen.

(2) Die oorkonde bedoel in subreël (1), insluitende 'n elektroniese opname van verrigtinge, moet gehou word in die vorm wat die hof dienstig ag.

(3) (a) 'n Transkripsie van elektroniese opnames of 'n gedeelte van die transkripsie of opname kan gedoen word op versoek van die hof of enige party teen betaling van die gelde van tyd tot tyd daarvoor voorgeskryf.

(b) Enige transkripsie van elektroniese opnames moet as korrek gesertifiseer word deur die persoon wat daardie transkripsie doen en moet by die griffier geliasseer word.

(c) Enige transkripsie van elektroniese opnames wat as korrek gesertifiseer is, word geag korrek te wees tensy die teendeel bewys word.

(4) Enige persoon mag van enige dokument wat in 'n besondere aangeleentheid geliasseer is, afskrifte maak teen betaling van die gelde wat van tyd tot tyd daarvoor voorgeskryf word, en in die teenwoordigheid van die griffier, tensy 'n regter anders gelas.

**Getuiegelde**

29. (1) 'n Getuie in enige verrigtinge in die hof is geregtig op betaling ooreenkomstig die tarief deur die Minister van Justisie voorgeskryf en by kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer ingevolge artikel 42 van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959).

(2) Ondanks subreël (1) kan die hof gelas dat geen toelaes, of slegs 'n gedeelte van die voorgeskrewe toelaes, aan enige getuie betaal word.

**Aansoek om verlof om te appelleer na die Arbeidsappèlhof\***

30. (1) 'n Aansoek om verlof om na die Arbeidsappèlhof te appelleer, kan, by wyse van 'n uiteensetting van die gronde vir verlof, gedoen word ten tyde van die vonnis of bevel.

(2) Indien 'n aansoek om verlof om te appelleer nie gedoen is ten tyde van die vonnis of bevel nie, moet aansoek om verlof om te appelleer gedoen word en die gronde van appèl verstrekkend word binne 14 dae na die datum van die vonnis of bevel waarteen verlof om te appelleer aangevra word.

(3) Indien die redes of die volle redes vir die hof se bevel gegee word op 'n datum na die datum van vonnis of bevel, moet die aansoek om verlof om te appelleer gedoen word binne 14 dae na die datum waarop die redes gegee word, maar die hof kan, by aanvoering van gegronde redes, daardie tydperk verleng.

(4) Indien verlof om te appelleer toegestaan word, moet 'n kennisgewing van appèl aan alle partye afgelewer word binne 14 dae na die datum waarop verlof toegestaan is, of binne sodanige langer tydperk as wat die hof toelaat by aanvoering van gegronde redes.

\* Appèl kragtens artikel 166 (1) van die Wet.

(5) Die kennisgewing van appèl moet vermeld—

- (a) of teen die hele of slegs 'n deel van die vonnis of bevel geappelleer word;
- (b) indien teen slegs 'n gedeelte van die vonnis of bevel geappelleer word, die spesifieke feitebevindinge of regsbevindinge waarteen geappelleer word; en
- (c) die gronde waarop die appèl berus.

(6) Kennisgewing van 'n teenappèl moet afgelewer word binne 14 dae na die aflewering van die kennisgewing van appèl of binne sodanige langer tydperk as wat die hof toelaat by aanvoering van gegronde redes.

(7) Die bepalings van hierdie reël geld ook ten opsigte van teenappèlle, met die aanpassings vereis deur die konteks.

**Beëdigde vertalers**

**31.** Enige persoon wat toegelaat en ingeskryf is as 'n beëdigde vertaler van enige afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika word geag 'n beëdigde vertaler van die hof te wees.

**Getuiedagvaardings**

**32.** (1) Enige party wat vereis dat 'n getuie verrigtinge moet bywoon om getuienis te lewer, kan 'n getuiedagvaarding vir daardie doel deur die griffier laat uitreik.

(2) 'n Getuiedagvaarding moet voldoen aan Vorm 3.

(3) Indien van 'n getuie verlang word om getuienis te lewer in verband met 'n dokument of saak in die getuie se besit, moet die getuiedagvaarding die dokument of saak wat verskaf moet word, spesifiseer.

(4) Nadat die getuiedagvaarding uitgereik is, moet dit beteken word deur die balju op enige wyse gemagtig by reël 4.

(5) 'n Getuie van wie verlang is om 'n dokument of saak by die verrigtinge te verskaf, moet dit so gou moontlik na betekening van die getuiedagvaarding aan die griffier oorhandig, tensy die getuie aanvoer dat die dokument of saak geprivilegieerd is.

(6) Nadat 'n getuie 'n dokument of saak aan die griffier oorhandig het, kan dit deur enige van die partye by die verrigtinge ondersoek word.

(7) Nadat die ondersoek ingevolge subreël (6) afgehandel is, moet die griffier die dokument of saak aan die getuie terugbesorg.

**Inwerkingtreding van reëls**

**33.** Hierdie reëls tree in werking op die dag waarop die Wet in sy geheel in werking tree.

**VORM 1****DIE ARBEIDSHOF VAN SUID-AFRIKA****AANSOEK OM 'N SAAKNOMMER**

HIERDIE VORM MOET, INDIEN DIE AANSOEK NIE PERSOONLIK GEDOEN WORD NIE, AAN DIE GRIFFIER VAN DIE ARBEIDSHOF GEFAKS WORD BY DIE TOEPASLIKE SETEL VAN DIE HOF (JOHANNESBURG, KAAPSTAD, PORT ELIZABETH, DURBAN). TELEFONIESE AANSOEKE OM 'N SAAKNOMMER KAN NIE OORWEEG WORD NIE

## 1. Besonderhede van die party wat verrigtinge begin

## 1.1 Eerste applikant

Naam.....

Fisiese adres.....

Posadres.....

Kode..... Telefoonnommer.....

Kode..... Faksnommer.....

Verteenwoordiger (indien enige)

Naam.....

Fisiese adres.....

Posadres.....

Kode..... Telefoonnommer.....

Kode..... Faksnommer.....

(of op rekord, met die Arbeidshofkode.....)

U verwysingsnommer.....

## 1.2 Tweede applikant

Naam.....

Fisiese adres.....

Posadres.....

Kode..... Telefoonnommer.....

Kode..... Faksnommer.....

Verteenwoordiger (indien enige)

Naam.....

Fisiese adres.....

Posadres.....

Kode..... Telefoonnommer.....

Kode..... Faksnommer.....

(of op rekord, met die Arbeidshofkode.....)

U verwysingsnommer.....

2. Aard van aansoek (bv. verwysing, aansoek, hersiening, appél, ens.) .....  
 Artikel van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, ingevolge waarvan die verrigtinge ingestel word, .....;  
 of naam en artikel van ander Wet .....

3. Besonderhede van eerste en tweede respondent (indien enige)

3.1 Eerste respondent

Naam .....

Fisiese adres .....

Posadres .....

Kode..... Telefoonnommer.....

Kode..... Faksnommer .....

Verteenwoordiger (indien enige)

Naam .....

Fisiese adres .....

Posadres .....

Kode..... Telefoonnommer.....

Kode..... Faksnommer .....

(of op rekord, met die Arbeidshofkode .....) )

Hulle verwysingsnommer .....

3.2 Tweede respondent

Naam .....

Ek sertifiseer dat geen vorige aansoek om 'n saaknommer deur dieselfde partye in dieselfde geskil gedoen is nie. Ek onderneem om die griffier skriftelik in kennis te stel indien verrigtinge nie binne 30 dae begin word nie of indien die aangeleentheid geskik word.

Geteken en gedateer te..... op hede die..... dag van.....19.....

.....  
 Applikant of behoorlik gemagtigde verteenwoordiger

(Van en voorletters .....) )

**VORM 2**

**DIE ARBEIDSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**UITEENSETTING VAN EIS**

(Reël 6)

Saaknommer toegeken deur die griffier van die Arbeidshof

(Sien vorm 1)<sup>1</sup>

[Empty rectangular box for case number]

In die aangeleentheid tussen—

[Empty rectangular box] (Eerste Applikant)

[Empty rectangular box] (Tweede Applikant)

(indien nodig)

en

[Empty rectangular box] (Eerste Respondent)

[Empty rectangular box] (Tweede Respondent)

(indien nodig)

---

**UITEENSETTING VAN EIS**

---

1. Die.....(spesifiseer eerste, tweede, ens.).....applikant sal kennisgewings en betekening van al die dokumente in die aangeleentheid ontvang by die volgende adres:

.....  
.....  
.....

Faks No. ....

Telefoon No. ....

<sup>1</sup> Hierdie nommer moet by die griffier van die Arbeidshof verkry word.

2. Indien 'n party voornemens is om die aangeleentheid te bestry, moet die antwoord binne 14 dae na betekening van hierdie uiteensetting afgelewer word ingevolge subreël 6 (3) van die Reëls van die Arbeidshof, by gebreke waarvan die aangeleentheid aangehoor kan word in die party se afwesigheid en 'n kostebevel teen daardie party gemaak kan word.

**Besonderhede van die partye**

3. Die .....applikant is  
(dui aan wie die applikant is)<sup>2</sup>

.....  
(beskrywing van die applikant)

met die adres uiteengesit in paragraaf.....hierbo.

4. Die .....applikant is  
(dui aan wie die applikant is)

.....  
(beskrywing van die applikant)

met die adres uiteengesit in paragraaf.....hierbo.

5. Die .....respondent is  
(dui aan wie die respondēt is)<sup>3</sup>

.....  
(beskrywing van die respondēt)

met die volgende adres:

.....  
.....  
.....

Faks No.....

Telefoon No.....

<sup>2</sup> Dui aan of die applikant 'n individuele werknemer, 'n aansoeker om werk, 'n geregistreeerde vakbond, 'n maatskappy, ens. is.

<sup>3</sup> Is die respondēt 'n individu, geregistreeerde maatskappy, 'n beslote korporasie, 'n vennootskap, of munisipaliteit? Die werkgewer moet met voldoende besonderhede geidentifiseer word sodat vasgestel kan word of dit 'n natuurlike persoon, 'n regs persoon, of 'n vrywillige vereniging is. Sien reël 20 ten opsigte van vennootskappe.





9. Aangevraagde regshulp<sup>6</sup>

.....

.....

.....

.....

10. Bylae van dokumente<sup>7</sup>

Aangeheg is 'n bylae van dokumente gemerk "Aanhangsel.....", wat wesenlik vir en ter sake is by die geskil.

Geteken en gedateer te .....op hede die .....dag van .....19 .....

.....  
*Applikant of behoorlik gemagtigde verteenwoordiger<sup>8</sup>*

(Van en voorletters .....)

<sup>6</sup> Die aard van die bevel wat aangevra word, moet uiteengesit word en daar moet ook aangedui word of 'n kostebevel aangevra word. Die aard van die regshulp wat toegestaan kan word, word bepaal deur die Wet op Arbeidsverhoudinge, No. 66 van 1995, wat die soort geskil wat oorweeg word en die bevoegdhede van die hof in artikel 162 uiteensit.

<sup>7</sup> Dokumente wesenlik vir en ter sake by die eis, is dokumente wat die saak van enige van die partye by die verrigtinge kan bevoordeel deur bewys te verskaf van 'n feit wat belangrik is vir die sukses al dan nie van die eis. Selfs dokumente van hierdie aard wat die teenparty se saak kan bevorder, moet in die bylae uiteengesit word. Die bylae moet 'n lys dokumente in kronologiese volgorde bevat tesame met 'n kort beskrywing van elke dokument langs die datum waarop die dokument uitgereik is.

<sup>8</sup> Die naam, adres en telefoon- of faksnommer van die veteenwoordiger moet hierby ingesluit word.

**VORM 3**

**IN DIE ARBEIDSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**GETUIEDAGVAARDING**

Saak No. ....

In die aangeleentheid tussen—

.....Applikant

en

.....Respondent

Aan die balju:

STEL—

- (1)
- (2) (Name, beroep en besigheidsplek of woonplek)
- (3)
- (4)

in kennis dat elkeen van hulle persoonlik voor hierdie hof moet verskyn te .....

op die .....dag van ..... 19 .....om .....(tyd) en om daar aan te bly totdat hulle deur die hof verskoon word, om ten behoeve van die applikant/respondent te getuig ten opsigte van alle sake binne hulle kennis in verband met die aangeleentheid hangende in die hof, waarin die applikant—

- (1) ..... (2) .....
- (3) .....van die respondent eis;

EN STEL hulle in kennis dat daar van hulle vereis word om die volgende saam te bring en aan die hof te lewer

.....  
(beskryf hier noukeurig elke dokument, boek of ander saak wat gelewer moet word)

EN STEL elk van die bogenoemde persone in kennis dat hulle in geen omstandighede moet nalaat om die vereistes van hierdie getuiedagvaarding na te kom nie, aangesien hulle hulle sal blootstel aan 'n boete of gevangesetting.

Geteken en gedateer te .....op hede die .....dag van .....19.....

.....  
Griffier van die Arbeidshof

.....  
Applikant/Respondent se Prokureur

No. 1666

14 October 1996

**RULES FOR THE CONDUCT OF PROCEEDINGS IN THE LABOUR APPEAL COURT**

The Rules Board has, in terms of section 176 of the Labour Relations Act, 1995 (Act No. 66 of 1995), made the following rules to regulate the conduct of proceedings in the Labour Appeal Court.

**TABLE OF CONTENTS**

1. Definitions
2. Sittings of the court
3. Registrar's office hours
4. Petitions for leave to appeal
5. Procedure on appeal
6. Powers of attorney
7. Submissions by an *amicus curiae*
8. Date of hearing
9. Heads of argument
10. Labour Appeal Court sitting as a court of first instance in terms of section 175 of the Act
11. Failure to appear at an appeal hearing
12. General
13. Costs and fees
14. Commencement of rules

**Definitions**

1. Any expression in these rules that is defined in the Labour Relations Act, 1995 (Act No. 66 of 1995), has the same meaning as in that Act and—

“**Act**” means the Labour Relations Act, 1995 (Act No. 66 of 1995);

“**court**” means the Labour Appeal Court established by section 167 of the Act;

“**day**” means any day other than a Saturday, Sunday or public holiday, and when any particular number of days is prescribed for the doing of any act, the number of days must be calculated by excluding the first day and including the last day, unless the last day falls on a Saturday, Sunday or public holiday when the number of days must be calculated to exclude the first day and also the Saturday, Sunday or public holiday;

“**deliver**” means serve on other parties and file with the registrar;

“**Judge President**” means the Judge President of the court;

“**party**” means any party to court proceedings and includes a person representing a party in terms of section 161 of the Act;

“**petition**” means the petition referred to in section 1662 (2) of the Act; and

“**registrar**” means the registrar of the Labour Appeal Court as contemplated in section 171 of the Act.

**Sittings of the court**

2. (1) There will be four terms each year:

1 February to 31 March, inclusive;

1 May to 30 June, inclusive;

1 August to 30 September, inclusive; and

1 November to 15 December, inclusive.

(2) If the day fixed for the commencement of a term is a Saturday, Sunday or public holiday, the term will commence on the next succeeding day and, if the day fixed for the end of a term is a Saturday, Sunday or public holiday, the term will end on the preceding day.

(3) Despite subrules (1) and (2), the Judge President may direct that an appeal be heard on any day that does not fall within a term.

**Registrar's office hours**

3. (1) The office of the registrar will be the office of the registrar of the Labour Court.
- (2) The office of the registrar will be open every Monday to Friday, excluding public holidays, from 08:00 to 13:00 and from 14:00 to 15:30.
- (3) Despite subrule (2), the Judge President may direct that any document be filed at any time.

**Petitions for leave to appeal<sup>1</sup>**

4. (1) A petition for leave to appeal must be addressed to the Judge President, and must include a notice of motion and supporting affidavits.
- (2) Every petition must be accompanied by—
  - (a) a copy of the judgment of the Labour Court against which leave to appeal is sought; and
  - (b) a copy of the judgment refusing leave to appeal.
- (3) A petition must set out succinctly the grounds on which leave to appeal is sought.
- (4) A petition must not include the record of the proceedings in the Labour Court, unless the judges considering the petition direct otherwise.
- (5) A petition must be delivered within 14 days of the date on which leave to appeal is refused. The original petition plus two copies must be filed with the registrar.
- (6) The respondent may deliver an answering affidavit within 14 days of delivery of a copy of the petition. The original plus two copies of the answering affidavit must be filed with the registrar.
- (7) A petition must be considered by three judges of the court designated by the Judge President.
- (8) The decision of the majority of the judges to grant or refuse the petition is final.
- (9) If the court grants leave to appeal it must, at the same time, make an order fixing the date by which the record must be delivered.
- (10) Any party may apply for condonation for non-compliance with the provisions of this rule.

**Procedure on appeal**

5. (1) Every appellant who has a right of appeal must deliver a notice of appeal within 21 days, or any longer period that may be allowed by the court, on good cause shown, after leave to appeal has been granted.
- (2) The order granting leave to appeal must be delivered with the notice of appeal.
- (3) The notice of appeal must state whether the whole or only part of the judgment or order of the Labour Court is appealed against. If only part of a judgment or order is appealed against, the notice must state which part is the subject of the appeal.
- (4) Any respondent who wishes to cross-appeal must deliver a notice of cross-appeal.
- (5) A notice of cross-appeal must be delivered within 14 days, or such longer period as may on good cause be allowed, after receiving notice of appeal from the appellant.
- (6) The notice of cross-appeal must state the particulars in respect of which the variation of the judgment or order of the Labour Court is sought.
- (7) After an appeal has been noted, the appellant must serve a copy of the record of the proceedings in the Labour Court on each respondent and file four copies of the record with the registrar.
- (8) The record must be served and filed within 60 days of the date of the order granting leave to appeal, unless the appeal is noted after a successful petition for leave to appeal, in which case the record must be served and filed within the period fixed by the court under rule 4 (9).
- (9) One of the copies of the record filed with the registrar must be certified as correct by the registrar of the Labour Court.
- (10) Every copy of the record must—
  - (a) be clearly typed or printed in double spacing on A4 standard paper;
  - (b) be paginated;
  - (c) be numbered on every tenth line;

<sup>1</sup> Section 166 of the Act regulates appeals against judgments or orders of the Labour Court. Applications to the Labour Court for leave to appeal are dealt with in rule 30 of the Rules of the Labour Court. If an application for leave to appeal is refused, a party can petition the Labour Appeal Court. This rule regulates those petitions. (7) After an appeal has been noted, the appellant must serve a copy of the record of the proceedings in the Labour Court on each respondent and file four copies of the record with the registrar.

- (d) be securely bound in suitable covers disclosing the names of the parties and the names of the representatives of the parties;
  - (e) be divided into separate, conveniently-sized volumes;
  - (f) include the judgment given by the Labour Court;
  - (g) contain a correct and complete index of the evidence and of all the documents and exhibits in the case, the nature of the exhibits being briefly stated in the index; and
  - (h) contain only those documents that were referred to in any proceedings in the Labour Court.
- (11) A document must not be included in the record more than once.
- (12) The record must not contain any of the following documents, unless they affect the merits of the appeal:
- (a) Copies of subpoenas;
  - (b) notices of trial;
  - (c) consents to postponements;
  - (d) schedules of documents;
  - (e) notices to produce or to permit inspection;
  - (f) other documents of a formal nature;
  - (g) opening addresses;
  - (h) the record of oral argument; and
  - (i) head of argument.
- (13) A list of the documents referred to in subrule (12) must be included in the record.
- (14) The documents that were referred to in any proceedings in the Labour Court must be arranged in chronological order.
- (15) The record of the evidence of any witness must contain references to the bundle of documents in the Labour Court and to the documents contained in the appeal record.
- (16) If the decision of a matter on appeal is likely to turn only on a question of law, the parties may agree to submit the question of law to the court in the form of a special case. In that event, only those parts of the record necessary for the decision of the question of law must be lodged with the registrar.
- (17) If an appellant fails to lodge the record within the prescribed period, the appellant will be deemed to have withdrawn the appeal, unless the appellant has within that period applied to the respondent or the respondent's representative for consent to an extension of time. If consent is refused, the appellant may, after giving notice to the registrar, apply to the Judge President in chambers for an extension of time.
- (18) If an appellant has failed to lodge the record, or is deemed to have withdrawn an appeal, any respondent who has noted a cross-appeal may, within 14 days of the date on which a notice of withdrawal is delivered by the appellant or the date on which the appellant is deemed to have withdrawn the appeal, deliver a notice of an intention to prosecute the cross-appeal.
- (19) If the respondent delivers a notice of intention to prosecute a cross-appeal, the respondent is for the purposes of subrule (8) deemed to be the appellant, and the period prescribed in subrule (8) must be calculated as from the date on which the appellant withdrew the appeal or on which the appeal was deemed to have been withdrawn.
- (20) The costs of preparing copies of the record or special case forms part of the costs of appeal.
- (21) The registrar may refuse to accept copies of records or special cases that do not, in the registrar's opinion, comply with the provisions of this rule.
- (22) A party may apply orally or in writing to the Judge President for an appeal to be heard urgently. If the application is successful, the Judge President must give directions as to the future conduct of the appeal.

### **Powers of attorney**

6. (1) A power of attorney authorising a representative to prosecute the appeal or the cross-appeal must be delivered within 10 days of the delivery of any notice of appeal or cross-appeal.
- (2) If there is no cross-appeal, a power of attorney to oppose an appeal must be filed with the registrar by the respondent's representative when copies of the respondent's main heads of argument are filed under rule 9.
- (3) The State Attorney or any attorney acting on behalf of the Republic of South Africa or the government of any province need not file a power of attorney.

### Submissions by an *amicus curiae*

7. (1) Any person interested in any proceedings before the court may, on application to the Judge President or any judge authorised by the Judge President, be admitted to the proceedings as an *amicus curiae* on the terms and conditions and with the rights and privileges determined by the Judge President or any judge authorised by the Judge President to deal with the matter.

(2) The terms and conditions and rights and privileges referred to in subrule (1) may be amended in accordance with directions given by the Judge President or the judge authorised by the Judge President to deal with the matter.

(3) An application in terms of subrule (1) must be made not later than 21 days before the date of hearing.

(4) An application to be admitted as an *amicus curiae* must—

- (a) briefly describe the interest of the *amicus curiae* in the proceedings;
- (b) briefly identify the position to be adopted by the *amicus curiae* in the proceedings; and
- (c) clearly, succinctly and without unnecessary elaboration set out the submissions to be advanced by the *amicus curiae*, their relevance to the proceedings and that person's reasons for believing that the submissions will be useful to the court and different from those of the other parties.

(5) An *amicus curiae* has the right to lodge written argument by the date fixed by the Judge President, provided that the written argument—

- (a) is clear, succinct and without unnecessary elaboration;
- (b) does not repeat any matter described in the argument of the other parties; and
- (c) raises new contentions that may be useful to the court.

(6) In the event of new matters or arguments being raised by the *amicus curiae*, any other party will have the right to file written argument within seven days from the date on which the argument of the *amicus curiae* was served on those parties.

(7) An order of court dealing with costs may make provision for the payment of the intervention of the *amicus curiae*.

### Date of hearing

8. (1) Once the provisions of rule 5 have been complied with, and subject to the directions of the Judge President, the registrar must notify the parties of the date, time and place of the hearing.

(2) The notice required by subrule (1) must be given by fax or registered letter.

(3) A registered letter or fax that has been forwarded to a party's last-known address or the address of that party's last-known representative will be deemed to be sufficient notice of the date, time and place of the hearing for the purposes of this rule.

### Heads of argument

9. (1) The appellant must deliver a copy of the heads of argument not later than 21 days before the hearing or not later than any earlier date determined by the Judge President. The original plus three copies of the heads of argument must be filed with the registrar.

(2) The respondent must deliver a copy of the heads of argument not later than 14 days before the hearing or not later than any earlier date that may be determined by the Judge President. The original plus three copies must be filed with the registrar.

(3) The heads of argument of the appellant and the respondent must include—

- (a) a chronology of the material facts; and
- (b) a list of the authorities referred to in the heads of argument.

### Labour Appeal Court sitting as a court of first instance in terms of section 175 of the Act

10. (1) A party may request the Judge President for a direction that a matter before the Labour Court be heard by the Labour Appeal Court sitting as a court of first instance.

(2) Notice of a request in terms of subrule (1) must be given to all other parties.

(3) The request must be made in writing, but need not be supported by an affidavit.

(4) If the request is opposed, the Judge President must hear the parties in chambers before giving a direction.

(5) If the request is successful, the Judge President must give directions as to the future conduct of the matter.

**Failure to appear at an appeal hearing**

11. If the appellant fails to appear in person or through a representative at a hearing, the Court may dismiss the appeal for non-prosecution, or make any other appropriate order.

**General**

12. The Court may, for sufficient cause shown, excuse the parties from compliance with any of these rules and may give any directions in matters of practice and procedure that it considers just and expedient.

**Costs and fees**

13. (1) Rules 9, 10 and 11 of the Appellate Division Rules regarding taxation and attorneys' fees apply, with the changes required by the context.

(2) In the event of oral and written argument, a fee for written argument may in appropriate circumstances be allowed as a separate item.

**Commencement of rules**

14. These rules will come into operation on the day that the whole of the Act comes into operation.

No. 1666

14 Oktober 1996

**REÛLS WAARBY DIE VOER VAN VERRIGTINGE IN DIE ARBEIDSAPPËLHOF GEREËL WORD**

Die Reëlsraad vir Arbeidshowe het ingevolge artikel 176 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995), die volgende reëls gemaak om die voer van verrigtinge in die Arbeidsappèlhof te reël.

**INHOUDSOPGAWE**

1. Woordoms krywing
2. Hofsettings
3. Griffier se kantoorure
4. Petisies om verlof om te appelleer
5. Prosedure by appèl
6. Volmag
7. Voorlegging deur 'n *amicus curiae*
8. Datum van aanhoor van appèl
9. Hoofde van betoog
10. Die Arbeidsappèlhof as 'n hof van eerste instansie ingevolge artikel 175 van die Wet
11. Versuim om by aanhoor van appèl te verskyn
12. Algemeen
13. Koste en gelde
14. Inwerkingtreding van hierdie reëls

**Woordoms krywing**

1. In hierdie reëls het enige uitdrukking wat in die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995), omskryf is, dieselfde betekenis as in daardie Wet en beteken—

“**aflewer**” by die griffier liasseer en aan ander partye beteken;

“**dag**” enige dag behalwe 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag, en wanneer 'n bepaalde aantal dae vir die verrigting van enige handeling voorgeskryf word, moet die aantal dae bereken word deur die eerste dag uit te sluit en die laaste dag in te sluit, tensy die laaste dag 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is, in welke geval die aantal dae bereken moet word deur die eerste dag sowel as daardie Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag uit te sluit;

“**griffier**” die griffier van die Arbeidsappèlhof bedoel in artikel 171 van die Wet;

“**hof**” die Arbeidsappèlhof ingestel by artikel 167 van die Wet;

“**party**” enige party by hofverrigtinge en ook 'n persoon wat 'n party ingevolge artikel 161 van die Wet verteenwoordig;

“**petisie**” 'n petisie bedoel in artikel 166 (2) van die Wet;

“**Regter-president**” die Regter-president van die hof; en

“**Wet**” die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995).

**Hofsittings**

2. (1) Daar is vier termynne per jaar:

1 Februarie tot en met 31 Maart;

1 Mei tot en met 30 Junie;

1 Augustus tot en met 30 September; en

1 November tot en met 15 Desember.

(2) As die dag vasgestel vir die aanvang van 'n termyn 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is, begin die termyn op die daaropvolgende dag en indien die dag vasgestel vir die einde van die termyn 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is, eindig die termyn op die voorafgaande dag.

(3) Ondanks subreëls (1) en (2) kan die Regter-president gelas dat 'n appèl aangehoor word op enige dag wat nie binne 'n termyn val nie.

**Griffier se kantoorure**

3. (1) Die kantoor van die griffier van die Arbeidshof is ook die kantoor van die griffier.

(2) Die griffier se kantoor is van Maandag tot Vrydag, openbare vakansiedae uitgesluit, oop van 08:00 tot 13:00 en van 14:00 tot 15:00.

(3) Ondanks subreël (2) kan die Regter-president gelas dat 'n dokument te eniger tyd geliasseer word.

**Petisies om verlof om te appelleer<sup>1</sup>**

4. (1) 'n Petisie om verlof om te appelleer moet gerig word aan die Regter-president en moet 'n kennisgewing van mosie en ondersteunende beëdigde verklarings bevat.

(2) Elke petisie moet vergesel gaan van—

(a) 'n afskrif van die vonnis van die Arbeidshof waarteen verlof om te appelleer aangevra word; en

(b) 'n afskrif van die uitspraak wat verlof om te appelleer, weier.

(3) 'n Petisie moet die gronde waarop verlof om te appelleer aangevra word, duidelik en bondig uiteensit.

(4) 'n Petisie moet nie die oorkonde van die verrigtinge in die Arbeidshof bevat nie, tensy die regters wat die petisie oorweeg, anders gelas.

(5) 'n Petisie moet afgelewer word binne 14 dae na die datum waarop verlof om te appelleer geweier is. Die oorspronklike petisie tesame met twee afskrifte daarvan moet by die griffier geliasseer word.

(6) Die respondent mag 'n antwoordende beëdigde verklaring aflewer binne 14 dae na aflewering van 'n afskrif van die petisie. Die oorspronklike antwoordende beëdigde verklaring tesame met twee afskrifte daarvan moet by die griffier geliasseer word.

(7) 'n Petisie moet deur drie regters van die hof wat deur die Regter-president aangewys is, oorweeg word.

(8) Die beslissing van 'n meerderheid van die regters om 'n petisie toe te staan of van die hand te wys is finaal.

(9) Indien die hof verlof om te appelleer toestaan, moet hy terselfdertyd 'n bevel maak wat die datum vasstel waarop die oorkonde afgelewer moet word.

(10) Enige party kan aansoek doen om kondonasië weens nienakoming van die bepalings van hierdie reël.

**Prosedure by appèl**

5. (1) Elke appellant met 'n reg tot appèl moet 'n kennisgewing van appèl lewer binne 21 dae nadat verlof om te appelleer toegestaan is, of binne sodanige langer tydperk as wat die hof toelaat by aanvoering van gegronde redes.

(2) Die bevel wat verlof om te appelleer toestaan, moet tesame met die kennisgewing van appèl afgelewer word.

(3) Die kennisgewing van appèl moet vermeld of daar teen die hele of slegs 'n deel van die vonnis of bevel van die Arbeidshof geappelleer word. Indien daar teen slegs 'n gedeelte van die vonnis of bevel geappelleer word, moet die kennisgewing vermeld teen watter deel geappelleer word.

(4) Enige respondent wat 'n teenappèl wil aanteken, moet 'n kennisgewing van teenappèl aflewer.

<sup>1</sup> Appèlle teen vonnisse of bevels van die Arbeidshof word gereël deur artikel 166 van die Wet. Aansoeke om verlof om na die Arbeidsappèlhof te appelleer word in reël 30 van die Arbeidshofreëls behandel. Indien 'n aansoek om verlof om te appelleer afgewys word, kan 'n party 'n Arbeidsappèlhof petisioneer. Hierdie reël is van toepassing op sodanige petisies.

(5) 'n Kennisgewing van teenappèl moet afgelewer word binne 14 dae na ontvangs van die kennisgewing van appèl van die appellent, of binne sodanige langer tydperk as wat die hof toelaat by aanvoering van gegronde redes.

(6) Die kennisgewing van teenappèl moet die besonderhede uiteensit ten opsigte waarvan 'n wysiging van die vonnis of bevel van die Arbeidshof aangevra word.

(7) Nadat 'n appèl aangeteken is, moet die appellent 'n afskrif van die oorkonde van die verrigtinge in die Arbeidshof aan elke respondent beteken en vier afskrifte van die oorkonde by die griffier liasseer.

(8) Die oorkonde moet beteken en geliasseer word binne 60 dae na die datum van die bevel wat verloop om te appelleer verleen, tensy die appèl aangeteken is na 'n suksesvolle petisie om verloop om te appelleer, in welke geval die oorkonde beteken en afgelewer moet word binne die tydperk vasgestel deur die hof ingevolge reël 4 (9) van hierdie reëls.

(9) Een van die afskrifte van die oorkonde wat by die griffier geliasseer word, moet as korrek gesertifiseer word deur die griffier van die Arbeidshof.

(10) Elke afskrif van die oorkonde moet—

- (a) duidelik in dubbelspasiëring getik of gedruk word op A4-standaard papier;
- (b) gepagineer wees;
- (c) genommer wees teenoor elke tiende reël;
- (d) stewig gebind wees in 'n geskikte omslag waarop die name van die partye en die name van die verteenwoordigers van die partye verskyn;
- (e) verdeel word in afsonderlike volumes van 'n paslike grootte;
- (f) die vonnis van die Arbeidshof bevat;
- (g) 'n korrekte en volledige inhoudsopgawe van die getuienis en al die dokumente en bewysstukke in die saak bevat en die aard van die bewysstukke moet kortliks aangedui word in die inhoudsopgawe; en
- (h) slegs die dokumente bevat waarna in verrigtinge in die Arbeidshof verwys is.

(11) 'n Dokument moet nie meer as een keer in die oorkonde ingesluit word nie.

(12) Die oorkonde moet nie een van die volgende dokumente bevat nie, tensy dit die meriete van die appèl affekteer:

- (a) Afskrifte van getuiedagvaardings;
- (b) kennisgewings van verhoor;
- (c) toestemming tot uitstel;
- (d) bylaes van dokumente;
- (e) kennisgewings om dokumente voor te lê of ondersoek toe te laat;
- (f) ander dokumente van 'n formele aard;
- (g) openingstoesprake;
- (h) die oorkonde van mondelinge betoog; en
- (i) hoofde van betoog.

(13) 'n Lys van die dokumente bedoel in subreël (12) moet ingesluit word in die oorkonde.

(14) Die dokumente waarna verwys is in enige verrigtinge in die Arbeidshof, moet in kronologiese volgorde gerangskik wees.

(15) Die oorkonde van die getuienis van enige getuie moet verwysings bevat na die bundel dokumente in die Arbeidshof en na die dokumente in die appèloorkonde.

(16) Indien 'n beslissing op appèl uitsluitlik afhang van 'n regspunt, kan die partye ooreenkom om die regspunt aan die hof voor te lê in die vorm van 'n spesiale saak. In daardie geval moet slegs die dele van die oorkonde wat nodig is vir die beslissing van die regspunt by die griffier geliasseer word.

(17) Indien 'n appellent versuim om die oorkonde binne die voorgeskrewe tydperk te liasseer, word die appellent geag die appèl terug te getrek het, tensy die appellent binne daardie tydperk by die respondent of die respondent se verteenwoordigers aansoek gedoen het om toestemming tot 'n verlenging van die tydperk. Indien sodanige toestemming geweier word, kan die appellent na kennisgewing aan die griffier 'n aansoek by die Regter-president in kamers doen om 'n verlenging van die tydperk.

(18) Indien die appellant versuim het om die oorkonde te liasseer, of geag word die appèl terug te getrek het, kan enige respondent wat 'n teenappèl aangeteken het, binne 14 dae na die datum waarop 'n kennisgewing van terugtrekking deur die appellant afgelewer is of die datum waarop die appèl geag word teruggetrek te wees, 'n kennisgewing van voorneme om die teenappèl te voer, aflewer.

(19) Indien die respondent 'n kennisgewing van voorneme om die kruisappèl te voer aflewer, word die respondent vir die doeleindes van subreël (8) geag die appellant te wees en die tydperk voorgeskryf in subreël (8) moet bereken word vanaf die datum waarop die appellant die appèl teruggetrek het of die datum waarop die appèl geag word teruggetrek te wees.

(20) Die koste van die voorbereiding van afskrifte van die oorkonde of spesiale saak maak deel van die koste van appèl uit.

(21) Die griffier kan weier om afskrifte van oorkondes of spesiale sake te aanvaar wat na sy oordeel nie voldoen aan die bepalings van hierdie reël nie.

(22) 'n Party kan skriftelik of mondeling by die Regter-president aansoek doen dat 'n appèl dringend aangehoor word. Indien die aansoek slaag, moet die Regter-president aanwysings gee oor die verdere verloop van die appèl.

### **Volmag**

6. (1) 'n Volmag wat 'n verteenwoordiger magtig om die appèl of teenappèl te voer, moet binne 10 dae na aflewering van enige kennisgewing van appèl of teenappèl afgelewer word.

(2) Indien daar geen teenappèl is nie, moet 'n volmag om die appèl teen te staan deur die respondent se verteenwoordigers by die griffier geliasseer word sodra afskrifte van die respondent se hoofde van betoog geliasseer word ingevolge reël 9.

(3) Die Staatsprokureur of enige prokureur wat namens die Republiek van Suid-Afrika of die regering van enige provinsie optree, hoef nie 'n volmag te liasseer nie.

### **Voorleggings deur 'n *amicus curiae***

7. (1) Enige persoon wat 'n belang het in enige verrigtinge voor die hof, kan, op aansoek by die Regter-president of enige regter deur die Regter-president daartoe gemagtig, as 'n *amicus curiae* tot die verrigtinge toegelaat word ooreenkomstig die bepalings en voorwaardes en met die regte en voorregte bepaal deur die Regter-president of enige regter gemagtig om die aangeleentheid te hanteer.

(2) Die bepalings, voorwaardes, regte en voorregte bedoel in subreël (1) mag gewysig word ooreenkomstig aanwysings gegee deur die Regter-president of die regter gemagtig om die aangeleentheid te hanteer.

(3) 'n Aansoek kragtens subreël (1) moet gedoen word nie later as 21 dae voor die datum van die appèl nie.

(4) 'n Aansoek om as 'n *amicus curiae* toegelaat te word moet—

- (a) kortliks die belang van die *amicus curiae* in die verrigtinge beskryf;
- (b) kortliks die standpunt wat die *amicus curiae* in die verrigtinge gaan inneem, uiteensit; en
- (c) duidelik, bondig en sonder onnodige besonderhede die voorleggings uiteensit wat die *amicus curiae* sal doen, die toepaslikheid daarvan op die verrigtinge en die redes waarom die persoon meen dat die voorleggings die hof van hulp sal wees en van dié van die ander partye verskil.

(5) 'n *Amicus curiae* het die reg om skriftelike betoog in te dien, mits die skriftelike betoog—

- (a) duidelik, bondig en sonder onnodige besonderhede is;
- (b) nie ander aangeleenthede in die betoog van ander partye herhaal nie; en
- (c) nuwe beweringe opwerp wat die hof van hulp kan wees.

(6) Indien die *amicus curiae* enige nuwe aangeleenthede of betoë opwerp, het enige ander party die reg om skriftelike betoog te liasseer binne sewe dae na die datum waarop die skriftelike betoog van die *amicus curiae* aan daardie party beteken is.

(7) 'n Bevel van die hof oor koste kan voorsiening maak vir betaling vir die tussentrede van die *amicus curiae*.

### **Datum van aanhoor van appèl**

8. (1) Sodra die bepalings van reël 5 nagekom is, en behoudens die aanwysings van die Regter-president, moet die griffier die partye van die datum, tyd en plek van die aanhoor van die appèl kennis gee.

(2) Die kennisgewing vereis by subreël (1), moet per faks of geregistreerde brief geskied.

(3) 'n Geregistreerde brief of faks wat na 'n party se jongste bekende adres of die adres van daardie party se laaste bekende verteenwoordiger aangestuur is, word geag voldoende kennis te wees van die datum, tyd en plek van die aanhoor van die appèl vir doeleindes van hierdie reël.

**Hoofde van betoog**

9. (1) Die appellant moet 'n afskrif van die hoofde van betoog aflewer nie later nie as 21 dae voor die aanhoor van die appèl of nie later nie as enige vroeër datum vasgestel deur die Regter-president. Die oorspronklike, tesame met drie afskrifte, van die hoofde van betoog moet by die griffier geliasseer word.

(2) Die respondent moet 'n afskrif van die hoofde van betoog aflewer nie later nie as 14 dae voor die aanhoor van die appèl of nie later nie as enige vroeër datum vasgestel deur die Regter-president. Die oorspronklike, tesame met drie afskrifte, moet by die griffier geliasseer word.

(3) Die hoofde van betoog van die appellant en die respondent moet die volgende bevat:

- (a) Die wesentlike feite, in kronologiese volgorde; en
- (b) 'n lys van die gesag waarna in die hoofde van betoog verwys word.

**Die Arbeidsappèlhof as 'n hof van eerste instansie ingevolge artikel 175 van die Wet**

10. (1) 'n Party kan die Regter-president nader vir 'n aanwysing dat 'n aangeleentheid voor die Arbeidshof deur die Arbeidsappèlhof as 'n hof van eerste instansie aangehoor word.

(2) Kennis van die versoek kragtens subreël (1) moet aan al die ander partye gegee word.

(3) Die versoek moet skriftelik gerig word, maar hoef nie deur 'n beëdigde verklaring gesteun te word nie.

(4) Indien die versoek teengestaan word moet die Regter-president die partye in kamers aanhoor voordat hy 'n aanwysing gee.

(5) Indien die versoek slaag, moet die Regter-president aanwysings gee vir die verdere verloop van die aangeleentheid.

**Versuim om by aanhoor van appèl te verskyn**

11. Indien die appellant versuim om persoonlik of deur middel van 'n verteenwoordiger by die aanhoor van die appèl te verskyn, kan die hof die appèl afwys weens nie-voortsetting daarvan of enige toepaslike bevel maak.

**Algemeen**

12. Die hof kan, by aanvoering van gegronde redes, die partye vrystel van nakoming van enige van hierdie reëls en kan die aanwysings gee wat hy billik en dienstig ag ten opsigte van praktyks- en prosedurele aangeleenthede.

**Koste en gelde**

13. (1) Reëls 9, 10 en 11 van die Hofreëls van die Appèlafdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika met betrekking tot taksasie en prokureursgelde is ook, met die aanpassings vereis deur die konteks, in die Arbeidsappèlhof van toepassing.

(2) In die geval van beide mondelinge en skriftelike betoog kan gelde vir skriftelike betoog in gepaste gevalle toegelaat word as 'n afsonderlike item.

**Inwerkingtreëding van hierdie reëls**

14. Hierdie reëls tree in werking op die dag waarop die Wet in sy geheel in werking tree.

**CONTENTS****INHOUD**

No.		Page No.	Gazette No.	No.		Bladsy No.	Koerant No.
<b>GOVERNMENT NOTICES</b>				<b>GOEWERMENSKENNISGEWINGS</b>			
<b>Justice, Department of</b>				<b>Justisie, Departement van</b>			
<i>Government Notices</i>				<i>Goewermentskennisgewings</i>			
1665	Labour Relations Act (66/1995): Rules for the conduct of proceedings in the Labour Court .....	1	17495	1665	Wet op Arbeidsverhoudinge (66/1995): Reëls waarby die voer van verrigtinge in die Arbeidshof gereël word .....	24	17495
1666	do.: Rules for the conduct of proceedings in the Labour Appeal Court .....	47	17495	1666	do.: Reëls waarby die voer van verrigtinge in die Arbeidsappèlhof gereël word .....	51	17495